

AFKOELING

- 'n donker komedie vol kinkels -

(Opvolg van die uiters gewilde HITTEGOLF)

deur
Martyn le Roux

RSG Radioteater

Uitgesaai op 13 Junie 2019

Opsomming RSG Potgooi: Die Vermaak-gesin is in 'n doodloopstraat. En dit is steeds snikheet in die Kaap. Amanda is in matriek, sy verwag 'n baba en is geskors. 'n Dwelmbaas is op die gesin se spoor en soek die boks met sy "ware". Arme Danie se studies is opgeskort en hy sit sonder werk. En boonop het ma Linda én ouma hul laaste bietjie geld uitgedobbel. Om alles te kroon, het pa Fanus toe nié die bure se kefferbrak Elvis geskiet nie. Maar wat het van Fanus geword? En wat was daardie skoot wat in die waenhuis geklap het? Regie: Kobus Burger.

Opvoerrege berus by RSG tot JUNIE 2020
Kopiereg en Opvoerrege vanaf JULIE 2020:
MARTYN LE ROUX (e-pos: martyn@pcssm.co.za)



REGIE
KOBUS BURGER

AFKOELING

MARTYN LEROUX

MET
JAMES BORTHWICK, FRANCI SWANEPOEL, ELIZE CAWOOD, MANDI BAARD, KAZ MCFADDEN,
DENVER VRAAGOM EN DUNCAN JOHNSON.



DON 13 JUNIE 2019 20:00

RADIOTEATER

AFKOELING

deur

MARTYN LE ROUX

Opnamedatum :
 Uitsaaidatum :
 Regie :

ROLVERDELING:

1. **FANUS VERMAAK** (Ongeveer 57 – 'n Man met 'n familie).....
2. **LINDA** (Sy vrou. Ongeveer 49).....
3. **AMANDA** (18 -jarige dogter in matriek).....
4. **OUMA** (75 -jarige ma van FAAN, doof as dit haar pas).....
5. **DANIE** (21 – jarige seun en 'n probleem).....
6. **DE LANGE** - (Laat 50's Die skoolhoof)
7. **DASSIE** - ('n Dwelmbaas)

*Kopiereg:



©2018Martyn le Roux
 martyn@pcssm.co.za

BYK: HOSPITAAL AKOESTIEK. 'n HARTMONITOR BIEP IN DIE

AGTERGROND.

1. LINDA : Hoe kon jy dit doen, Fanus?
2. FAAN : Wat sê jy? My kop sing soos 'n Karoo sonbesie...
3. LINDA : Ek sê...hoe kon jy dit —
4. FAAN : Kom om die bed. Ek kan nie hoor met dié oor nie.
5. LINDA : Ek het gevra hoe jy dit aan ons kon doen, Faan? Regtig! Is dit jou oplossing vir alle probleme? 'n Geweer en 'n koeël? Skiet die terroriste, skiet vir Danie, skiet vir Elvis, skiet die voëls, skiet jousef!
6. FAAN : (BEKAF) Ek het nie vir Elvis geskiet nie.
7. LINDA : Dit kan ek blerrie goed sien, Fanus. Jy't jou verdomde oor afgeskiet! Wat de hel het deur jou kop gegaan!
8. FAAN : Gelukkig nie die koeël nie —
9. LINDA : Dank die gode daarvoor, anders het ek en die kinders nou op straat gesit sonder 'n heenkome en uit asblikke geëet.
10. FAAN : Ek dink nie my ma sou dit goed hanteer het nie.
11. LINDA : Wat het jou besiel!
12. FAAN : Ek is jammer...
13. LINDA : En dit moet alles reg en ongedaan maak. Jy klink nou nes Danie. Sê net die magic woorde, "Ek's jammer" en dan's alles weer honkey dorey. Die bytjies zoem en die voëltjies fluit en die wolke is pienk fluff!

1. FAAN : Maar ek sê mos ek is jammer. Ek kon dit net nie meer hanteer nie...julle is beter af sonder my. Ek's 'n volslae mislukking. Ek myself nie eens behoorlik uit die lewe...(neem nie.)

BYK: DIE HARTMONITOR BIEP VINNIGER.

2. LINDA : Magtig, Fanus, dit wat jy probeer doen het laat die res van ons probleme lyk na 'n piekniek in die park. Niks in die lewe is só erg dat jy nodig het om 'n koeël deur jou brein te probeer sit nie.
3. FAAN : Julle sou beter af wees. Die polis sou uitbetaal.
4. LINDA : Nee dit sou nie Faan. Nie as jy probeer het om jousef...
(POUSE) Dit weet selfs ek.
5. FAAN : (OOMBLIK) Magtig. Jy's reg. Ek het nie besef nie. Ek weet nie wat ek gedink het nie.
6. LINDA : Nee, jy het nie gedink nie. Hoe kan jy so selfsugtig wees? Ek het altyd gewonder waar die hel Danie sy skewe gene vandaan gekry het en nou weet ons.
7. FAAN : Nou klink jy nes ma. (POUSE) Dalk was dit daai pille wat ma my gevoer het. Ek dink nie dit was kalmeer pille nie. Ek was iewers in 'n diep daggaplantasie. Waar is ma en die kinders?
8. LINDA : Hulle sit in die wagkamer. Die dokter het gesê net een besoeker op 'n slag.Hulle gaan jou oornag hier hou vir observasie.
9. FAAN : Dis nie nodig nie. Ek makeer niks.
10. LINDA : Nee, Rambo. Jy bly tot hulle jou laat gaan of ek sal jou persoonlik bykom en glo my ek gaan nie mis nie.

1. FAAN : Gelukkig is dit nie daai skoolkind met sy nuwe steteskoop wat my laas onderhande gehad het nie. Ek's verbaas daar is nie 'n polisieman voor die deur en 'n kopdokter op die voetenend van my bed nie.
2. LINDA : En daarvoor kan jy my bedank anders was jy sekerlik nou iewers aan 'n bed vasgebind in 'n kamer met groen verf en matrasse teen die mure vir versiering. Hulle weet nie wat gebeur het nie. Ek het gesê die geweer het per ongeluk afgegaan terwyl jy dit skoongemaak het in die waenhuis.
3. FAAN : Dit verklaar hoekom daar nog nie 'n duiwelsbesweerder op my drumpel is nie.
4. LINDA : 'n Wat?
5. FAAN : Een van daai biddende blikemmers wat "daar vir jou is" totdat jou geld op raak. (SUG) Toemaar...los dit daar.

BYK: KLOP AAN DIE DEUR.

6. OUMA : Koeieeee! Kan ek maar inkom?
7. LINDA : So, van die duiwel gepraat...
8. OUMA : Die nursie het gesê dis reg as ek maar in kom. Is hy al wakker?
9. LINDA : Ja, ma. Faan is wakker.
10. OUMA : (NADER) Ai, genade my arme kind kyk hoe lyk jy. Op gebandage. Ons het gedink jy's langboompies toe.
11. FAAN : Wat? Wat sê, Ma?
12. OUMA : Arme Amandatjie het haarself in 'n ander bloedgroep in geskrik toe sy jou so daar in die waenhuis gekry het.

1. FAAN : Wat sê ma? Ek kan nie mooi hoor met die toegebinde oor nie.
2. OUMA : Wat sê hy?
3. LINDA : Ma moet harder praat en in sy ander oor. Hy kan nie mooi hoor aan daardie kant nie.
4. FAAN : (HARDER) Ek kan nie mooi hoor nie, Ma. Praat harder en in dié oor. (AAN LINDA) Sê vir haar sy moet in die oor praat.
5. LINDA : (HARDER) Ek het klaar vir haar gesê. (MOMPEL) Ag vader nou's daar twee van hulle en in stereo.
8. OUMA : (LUID) Ek het gesê arme Amanda ly nou nog aan skok nadat sy jou op die vloer in die waenhuis aangetref het. Al die bloed...
Wil jy 'n peppermint he?
9. FAAN : Nee, dankie, Ma. Jou "pepperminte" is gevaarlik.
10. OUMA : Ai, Fanus, jy was byna kompos. Jy kon jou kop afgeskiet het!
Mens sou dink dat jy met al jou grensoorlog ondervindings 'n vuurwapen beter sou kon hanteer.
11. LINDA : Ma, my magtig, is dit nou nodig.
12. OUMA : Maar ek sê maar net. Hy was dan op die grens en alles.
13. FAAN : Nee, ek was nie...
14. LINDA : Jy was nie wat nie?
15. FAAN : Ek was nie op die grens nie...
16. OUMA : Wat het hy gesê, Lindatjie. Dit het geklink hy sê hy was nie op die grens nie.
17. LINDA : Wat? Waarvan praat jy? Natuurlik was jy.
18. FAAN : Nee ek was nie.

1. LINDA : Het die narkose nog nie lekker uitgewerk nie? My arme man.
Miskien moet ons jou los dat jy kan slaap.
2. FAAN : (HARDER) Ek was nooit op die grens nie.
3. LINDA : Dis wat ek dink ek gehoor het ja.
4. FAAN : Ek was nooit eens in die army nie.
5. OUMA : Faan? Ek het jou dan self by die stasie gaan aflaai. Jy was
maande lank weg. Twee jaar. Die briewe uit Suid-Wes...
6. LINDA : Is jy okay, Faan? Miskien moet ons daai doktertjie laat kom.
7. FAAN : Ek makeer niks. Ek wil net nie verder hierdie albatros om my
nek dra nie. Ek sê mos ek was nooit in die army nie. Ook nie
op die grens nie.
8. LINDA : (ONGELOWIG) Is jy ernstig?(POUSE) Jy is ernstig.

BYK: DIE HARTMONITOR BIEP EFFENS VINNIGER.

9. FAAN : Maar ek sê mos ek was nie! Is julle doof! Of eerder ek wás
daar gewees maar hulle het my ge-RTU op die eerste dag toe
ek aangemeld het.
10. OUMA : Ge-wat?
11. FAAN : RTU, Ma. Returned to Unit. Ek was medies ongeskik gevind.
12. LINDA : Wat? Al hierdie tyd... wil jy vir my sê... al jou stories... magtig,
Faan. Regtig? Al hierdie jare? 'n Leun?
13. OUMA : Maar waar was jy dan al daardie tyd wat ek gedink het dat jy in
die army was?
14. LINDA : Wil ek ook weet.

1. FAAN : Ek was in Suid-Wes. In Walvisbaai en Luderitz. Het daar werk gekry, op die diamantvelde... Nou weet julle.

BYK: DIE HARTMONITOR BIEP STADIGER.

2. OUMA : Nee kyk nou praat ek nie meer 'n woord nie. Ek dink ek het een van my valiums nodig.

3. FAAN : Moet asseblief nie vir die kinders vertel nie, veral nie vir Danie nie. Ek sal nooit die einde daarvan hoor nie.

4. LINDA : Of hom in die gesig kan kyk nie. My hemel, Faan. Na al hierdie tyd...en nou bieg jy oor so iets. Hoekom nou?

5. FAAN : Wanneer jy baard skuur met die dood, skud dit nogal goed in jou los.

6. LINDA : Soos jou brein! Ek hoop nie daar gaan nog skroewe en geraamtes los skud nie, ek dink nie ek kan nog hanteer nie. Al hierdie jare dink ek nog jy was...het ek geglo...

7. OUMA : (VERONTWAARDIG) Wel nou weet ons waar Danie sy talente vandaan gekry het. Die appel rol nie ver van die boom af nie...

8. LINDA : Ma moet asseblief nie hierdie ding laat uit lek nie.

9. OUMA : Maar jy ken my mos, Lindatjie. Ek praat nooit uit die binne-kombuiskaste uit nie.

10. LINDA : Dis juis omdat ek Ma ken wat ek dit sê.

11. OUMA : En wat bedoel jy nou daarmee? Mens sal sweer ek gaan in die strate rond hardloop en vir die hele wêreld vertel dat my seun homself probeer skiet het en dat hy nooit die groot oorlogsheld is wat ons gedink het nie.

1. FAAN : Moet julle twee nou nie weer begin nie. My kop voel soos 'n kernontploffing. Ek het nie julle twee se gekekkel ook nog nodig nie.

BYK: DIE HARTMONITOR BIEP VINNIGER.

2. OUMA : My lippe is geseël. As hulle iets hoor sal dit nie van my af gekom het nie.
3. LINDA : Net soos al die ander tye wat Ma se lippe "geseël" was.
4. FAAN : Asseblief! Kan julle twee dit vir een dag wegpak. Is ons lewens nie alreeds genoegsaam in die toilet af nie.
5. OUMA : Van toilet gepraat, myne in die flat is nou nog nie reg nie.
6. LINDA : Ma! Goeie genade, Faan het by die dood gaan draai en al waaraan jy kan dink is die verdomde toilet in jou flat. Gee ons 'n breek!
7. OUMA : Hoe? Ja, dis gebreek, en ek vra nou al vir dae lank en niemand gee om nie.
8. LINDA : Gee my krag. Hy praat van ons lewens, Ma. Nie van jou toilet nie. Oor alles wat gebeur het. Amanda en die plumber, Danie en die dwelms... (GEE OP) draai jou verdomde hearing aid harder dat jy ordentlik kan hoor!

BYK: DIE HARTMONITOR BIEP STEEDS VINNIGER.

9. OUMA : Jy hoef nie op my te skree nie, Linda. Ek hoor net fine, baie dankie. Dis nie my kop wat toegedraai is soos 'n Egipties mummie nie en my ore sit op die regte plekke en nie in my...

BYK: DIE HARTMONITOR BIEP NOG VINNIGER.

1. FAAN : (ONTPLOF) Gat julle twee nou ophou of moet ek myself met die verdomde IV pyp verwurg. Is dit wat julle wil hê!

BYK: DIE HARTMONITOR BIEP HISTERIES.

2. LINDA : Kalmeer tog, Faan. Een selfmoordpoging per week is genoeg.
3. OUMA : Wil jy een van Ma se valiums hê, Fanus?
4. LINDA : Sien ma nou. Dis wat ma aan hom doen. Ek dink ma moet eers buite gaan wag saam met die kinders.
5. OUMA : Maar dis nie ek wat die toilet genoem het nie dit was Faan.

BYK: DIE HARTMONITOR BIEP STEEDS. INTERKOM

AANKONDIGING DAT BESOEKTYD VERBY IS IN A/G.

6. FAAN : (VERLIGTING) Dankie tog. (HARDER) Julle moet gaan, besoektyd is verby.

BYK: DIE HARTMONITOR BIEP STADIGER.

7. LINDA : Maar jy het nog nie eens kans gehad om die kinders te sien nie.
8. FAAN : Ek dink nie hulle wil my nou sien nie. Ek kan hulle nie nou in die gesig kyk nie. Ek sal hulle by die huis sien. 'n Aand op my eie en in vrede en stilte is wat ek nodig het.

BYK: DIE HARTMONITOR BIEP STADIGER

9. OUMA : (SNUIF GEBELGD) Lyk my nie ons is verder hier nodig nie, Lindatjie.
10. LINDA : Belowe my jy sal nie weer iets simpels probeer aanvang nie.
11. FAAN : Ek dink nie daar's iets hier waarmee ek myself om die lewe kan bring nie. (MOMPEL) Behalwe die bedpan...

1. LINDA : Ek sal die suster vra om 'n oog oor jou te hou deur die nag.
Netnou haak jou kop weer uit.
2. FAAN : Toemaar. Ek het my les geleer. Ma se toilet lê blink en helder
in my andersins donker toekoms sodra ek by die huis terug is.
3. LINDA : En 'n waenhuis wat moet skoon gemaak word.

BYK: MUSIEKBRUG .

DOOF IN: DIE KOMBUIS VAN DIE VERMAAKS. KETEL

WAT KOOK EN FLUIT.

4. DANIE : Pa lyk soos een van daai Indiese snake-charmers met daai
klomp verbande om sy kop. Hy kort net 'n slang in 'n mandjie en
'n fluit. Miskien moet ons sy naam verander na Imhrat Kahn.
5. LINDA : Wat jou pa nodig het, Danie, is minder van jou lip. (POUSE) En
'n nuwe werk.
6. DANIE : Snake-charmer. Ek sê mos. Daar's 'n nice spot voor die
kafeteria. Hy sal 'n hit wees op die kampus.
7. LINDA : Zip dit, Dankie. Genoeg van jou nonsense!
8. DANIE : Ek maak net 'n grap. Almal is so tense in die huis. Mens sou
sweer pa tango alreeds saam met die engeltjies.
9. AMANDA : Kon net sowel gewees het, Danie, no thanks to you! Jy's nie
die een wat hom van die vloer af moes optel nie.
10. DANIE : Ek verstaan steeds nie hoe pa sy eie oor kon afskiet nie. Ek
dag hy was dan 'n sniper in die army.
11. LINDA : Dit was 'n ongeluk...los dit nou. Wil ma tee hê? Die ketel het
gekook.

1. OUMA : Ja, skink maar. Dis so warm, maar dalk voel ek beter na 'n koppie tee. Het jy Tennis biscuits?

2. LINDA : Nee dis op, Ma.

BYK: SKINK / DRINK TEE ONDER VOLGENDE DIALOOG.

3. OUMA : Ons sal weer by die winkels moet uitkom. Ek het darem nog iets in die bank. Ons kan nie nou al begin lewe soos arm-blankes nie.

4. LINDA : Die wolf krap darem nog nie aan die deur nie, maar ons gaan binnekort daar wees as dinge nie verbeter nie. Dis hoekom ons almal hier bymekaar is. Ons moet praat oor alles.

5. DANIE : 'n Vermaak groeps-boeps. Exciting.

6. LINDA : En as jou pa hier is dan los jy jou opmerkings en aanmerkings. Jy is die nommer een rede waarom ons hier sit, mannetjie.

7. DANIE : (MOMPEL) As die kat kleintjies kry is dit seker ook my skuld.

8. LINDA : Danie! (OOMBLIK) En van kleintjies kry gepraat. Jy kan maar daardie glimlag van jou gesig afvee, Amanda. Jou bydrae tot hierdie hele gemors spreek self boekdele.

9. AMANDA : Ja, Ma.

BYK: ELVIS BEGIN GEWELDIG BUIE BLAF.

10. LINDA : En dan is daar nog daardie probleem ook ...

11. OUMA : Waar bly Faan? Dis bedompig in die kombuis. Ek sweet tot op my kopvel.

12. LINDA : Die kombuis is die koelste plek in die huis, Ma. Hy sal nou afkom. Hy's in die badkamer. Daai oor gee hom hel.

1. OUMA : Ai die arme kind...
2. LINDA : Dit kon veel erger gewees het.
3. DANIE : Maar ek verstaan nog steeds nie hoe pa sy oor kon raakskiet as hy... (dan vir Elvis wou skiet nie)
4. LINDA : Danie! Put a sock in it!

BYK: KOMBUIS VENSTER WORD OOPGEMAAK

5. LINDA : (VOLG) Elvis! Gaan lê!
6. FAAN : (NADER) Hy verstaan nie Afrikaans nie, net 'n suurlemoen teen die kop. Gelukkig kan ek hom nie so mooi hoor nie.

BYK: ELVIS RAAK STELSELMATIG STIL ONDER DIE VOLGENDE DIALOOG..

7. LINDA : Kom sit hier Faan. Hoe voel jou oor?
8. FAAN : Watter oor? Ek het nie meer 'n oor nie. Ek kan jou wel sê hoe my kop voel.
9. OUMA : My arme kind.
10. AMANDA : Is pa oukei?
11. DANIE : Ons het gedink pa is bokveld toe.
12. FAAN : Nee, Danie. Jy kan nog nie erf nie.
13. DANIE : Dis nie wat ek bedoel het nie, Pa.
14. LINDA : Moet julle twee nou nie weer begin nie.
15. FAAN : Kan ek bietjie koffie kry?
16. LINDA : Die water het gekook. Ek sal vir jou maak.
17. OUMA : Ek sal maak. Sit jy maar, Lindatjie.

BYK: KOFFIE WORD GEMAAK EN SKINK ONDER DIALOOG.

1. LINDA : Jy lyk maar vaal om die mond, Faan. Moet jy nie eerder gaan lê nie?
2. FAAN : My kop klink soos twee geraamtes wat liefde maak op 'n sinkplaatdak en alles weergalm soos die alpe...
3. LINDA : Ons kan later praat.
4. FAAN : Nee, ons moet nou praat.
5. DANIE : Kry pa se kop nie warm met al daai verbande nie?
6. FAAN : Wat sê hy?
7. AMANDA : Niks, Pa. Net nonsense. Kan ek vir pa 'n kopseerpil gaan haal?
8. OUMA : Ek het net die regte pille in my handsak. Dis baie beter as daai baby aspirin wat hulle jou gegee het by die hospitaal.
9. FAAN : Nee, dankie. Ek drink nie weer daai goed van ma nie. Ek het genoeg pille by die hospitaal gekry om 'n toilet mee te bou.
10. OUMA : (SUG) My ou toiletjie in die flat lek ook nog steeds.
11. LINDA : Ag liewe hemel, Ma! Faan het nou net by die huis gekom.
12. FAAN : Ma. Ek het nie van die toilet vergeet nie. Ek sal netnou daarna kyk. Ek het nie veel om vandag te doen nie. Behalwe dat ek deel van die armblankevraagstuk geword het.
13. OUMA : Onthou, as 'n deur toe klap, gaan daar altyd 'n venster oop.
14. DANIE : Of dit beteken dit goël in die huis...
15. LINDA : Bly stil, Danie. Dis darem nog nie só erg nie, Faan.
16. AMANDA : Ek sal vir Willem vra om dit te kom fix. Pa hoef nie te worry nie.
17. FAAN : Ek dink hý het al genoeg "fixing" hierond gedoen.
16. AMANDA : Ai, Pa. Hy't gevra of hy kan kom praat.

1. FAAN : Hy moes daaraan gedink het voordat hy jou in die ander tyd gesit het. Magtig, jy is nog op skool. Ons het planne vir jou vir universiteit gehad...
2. DANIE : Wel, sy gaan in nege maande haar MA graad verwerf. Cumlaude.
3. AMANDA : Sharrup Danie. Jy's nie snaaks nie.
4. FAAN : Ja, jy kan maar jou grappies in jou sak druk, Danie. Jou laaste uitslae was 'n grap. Jou gap-jaar op varsity is amptelik verby.
5. DANIE : Ja, Pa. Ek het daai boodskap alreeds gekry. Ek kon nog nie my goed by die koshuis gaan afhaal nie. Ek het nie 'n kar nie.
6. FAAN : En wie se blerrie skuld is dit? En dan is daar die boks met dwelms. Ons kan nie eens polisie toe gaan nie. Hulle sal jou toesluit.
7. DANIE : Wat het van die skoenboks geword?
8. AMANDA : Dis in die hoof se kluis toegesluit.
9. DANIE : As ek nie daai boks met drugs aan hulle terugbesorg nie gaan daai gangsters agter my aankom. Hulle is die tipe wat 'n gun op jou sal leeg maak net om te sien of die werk.
10. FAAN : 'n Mooi gemors waarin jy ons almal gesleep het, jou suster inkluis.
11. DANIE : Wat gaan ons doen?
12. FAAN : Hoeveel onse is in jou pond? Jy gaan jou eie gemors opruim.
13. DANIE : En hoe moet ek dit doen? By die hoof se kluis inbreek?
14. FAAN : Is jy gek?

1. LINDA : Nee wragtig. Wil jy nog inbraak ook by al jou oortredings voeg?
2. DANIE : Maar wat as de Lange die goed aan die polisie oorhandig?
3. FAAN : Dan is ons almal gekroef.
4. LINDA : Kom ons hoop en bid dit gebeur nie.
5. OUMA : Miskien moet ek die hoofman oor honderde gaan sien en 'n diep gesprek met hom hê. 'n Bottel of twee Whiskey saam vat...
6. DANIE : Regtig? Sal ouma dit doen?
7. LINDA : Nee, sy sal nie! Ma, bly hier uit. Ons het genoeg probleme soos dit is.
8. OUMA : Almal weet die skoolhoofie se ou pa het nog nooit 'n bottel ontmoet waarvan hy nie gehou het nie. Hy val self nie ver van die wingerd af nie. 'n Tienjaar brandewyn...
9. FAAN : Ma! Drink jou tee, en bly hier uit.
10. OUMA : Askies tog dat ek lewe en wil help. Ons kan nie net die kind vir die wolwe gooi nie. Ons moet iets doen.
11. LINDA : Ons sal wel 'n plan maak, Ma. Omkoperie is nie op die lys nie.
12. OUMA : En wat gaan julle miskien doen? Mooi praatjies maak met die hoof en die gangsters? (MIMIEK) "Ons is jammer vir die ou klein misverstandjie Mnr de Lange, gee net ons seun se drugs wat ons dogter by jou skool probeer verkwansel het."
13. LINDA : Los maar die sarkasme, Ma. Ons kan doen daarsonder.

1. OUMA : Wel dis al wat ek het om te offer. Ons Vermaaks gaan lê nie sommer nie. As 'n deur toe klap dan gaan daar altyd weer 'n ruit oop. (POUSE) Is daar 'n ruit oop? Hygend herder dis bedompig. Wanneer gaan hierdie hitte nou net 'n slag breek?
2. LINDA : Alles is oop ma. Ons kan 'n gat in die muur maak as ma dit verkies.
3. OUMA : Sal elkgeval nie help nie. Dis buite net so erg soos binne.

BYK: HUISTELEFOON LUI IN A/G.

4. FAAN : Ek sal gaan.
5. LINDA : Watwou jy gaan, Fanus. Jy kan skaars hoor met daai doekkop van jou. Sit, voordat jy omval.
6. FAAN : My ander oor makeer niks.
7. LINDA : (DREIG) Nog nie...maar my hand juk. Sit, Fanus. Amanda gaan antwoord die ding.
8. AMANDA : Ja, Ma. (BEWEEG AF) Wie kan dit nou wees. Niemand bel ooit op die huisfoon nie.
9. LINDA : Seker weer 'n verkeerde nommer of iemand wat die gastehuis soek.
10. FAAN : Danie, ek en jy moet môre jou goed by die koshuis gaan haal en alles by die universiteit gaan afhandel.
11. DANIE : Ja, Pa. (OOMBLIK) Gaan pa so met die boepkop gaan?
12. FAAN : Wat?
13. DANIE : Sommer niks, Pa. Ek sê maar net.

1. FAAN : Skaam jy jou vir my? Jy was nie skaam om my geld uit te mors nie. As dit jou houding is sal ek in die kar bly sit en jy kan alles self gaan dra en afhandel.
2. LINDA : As julle twee nou klaar julle grondgebied gemerk het, kan ons nou net besluit oor wat ons gaan doen.
3. AMANDA : (NADER) Dis Mnr. De Lange. Hy wil met pa praat.
4. LINDA : Ag hemel tog. Ek sal met hom praat, Fanus. Bly jy maar.
5. OUMA : Is dit die hoofmannetjie oor honderde? Ek sal met hom gaan praat. Hom gou sy fortune vertel...
6. LINDA : (BEWEEG WEG) Sit, Ma. Watter deel van "dis nie jou probleem nie" verstaan jy nie.

BYK : 'n TREIN SNEL LUID VERBY. ALLES RAMMEL EN SKUD IN

DIE KOMBUIS.

7. AMANDA : (LUID) Kan hy maar, Pa?
8. FAAN : Wat sê jy?
9. AMANDA : (HARDER) Kan hy maar?
10. FAAN : Kan wie wat?
11. AMANDA : Willem, Pa. Kan hy Pa kom sien? Hy wou al.
12. FAAN : Hoekom het hy nie?
13. AMANDA : Hy was bang.
14. FAAN : Vir wat?
15. AMANDA : Dat Pa hom sou skiet.
16. FAAN : Met goeie rede...
17. AMANDA : Sal Pa na hom luister? Asseblief.

1. FAAN : (SUG) Ek het nie juis 'n keuse nie. Moet seker bly wees dis nie daai Dorfling fruitsalads onder in die straat wat jou in die ander tyd geplaas het nie.
2. AMANDA : Hy het gevra of hy een aand na werk kan kom.
3. FAAN : Dis reg so.
4. AMANDA : Dankie, Pa. Pa sal nie spyt wees nie. Alles gaan regkom, Pa sal net sien.
5. OUMA : Sal hy sommer na my toilet ook kom kyk terwyl hy hier is? Jou Pa kom by niks uit nie. Ek smee nou al vir weke.
6. AMANDA : Hy sal, Ouma. Hy sal sy kas tools ook saambring.
7. OUMA : Katools? Wie is nou katools?
8. AMANDA : Tools, Ouma! Draai ouma se gehoorstuk harder.
9. FAAN : (MOMPEL) Hy't al genoeg skade met sy tools aangerig...
10. LINDA : (NADER TOT OP MIK) De Lange wil ons môre in sy kantoor spreek. Vroeg.
11. FAAN : Maar ek moet Danie se gemors gaan opruim by die koshuis.
12. LINDA : Wel, dit kan wag. Een ding op 'n slag. Ek het klaar gesê ons sal daar wees. Danie se goed kan eers wag.
13. FAAN : Net ek en jy? Moet Amanda saam gaan?
14. LINDA : Nee.
15. OUMA : Ek kan saamgaan as julle wil hê. Ek sal sommer gou sy mind vir hom —
16. FAAN/ LINDA: (GELYK) Nee, Ma!

1. OUMA : (VIES) Nou maar as ek in die pad is, dan gaan ek maar na my ou woonstelletjie toe. Dis tenmiste koeller daar as hier.
2. LINDA : Ja, gaan lê 'n bietjie skuins, Ma. Ons sal later eet.(POUSE) Ek het geen idee wat ons vandag gaan eet nie. Het nog nie eens aan kos gedink nie.

BYK : LOOPRAAM SKUIFEL WEG.

3. OUMA : Ek wil tog nie in die pad wees nie.
4. LINDA : (SUG) Ma is nie in die pad nie. Gee my krag...

BYK : 'n SLIMFOON LUI.

5. DANIE : Hallo. Dis Danie Vermaak. (POUSE) Wie? (POUSE) Wat? (VERBAAS) Hoe het jy my nommer...(gekry?)
6. LINDA : Danie? Jy's so bleek soos 'n laken. Wie is dit?
7. DANIE : (SLUK) Dis hulle...
8. LINDA : Wie?
9. DANIE : Hulle.
10. FAAN : Hulle wie?
11. DANIE : Die gangsters.
12. FAAN : Wat? Ek kon sweer jy't gesê gangsters.
13. LINDA : Hoe nou?
14. DANIE : Hy wil met pa praat.
15. LINDA : O my hemel.
16. FAAN : Met my?
17. DANIE : Ja.
18. FAAN : Hoekom met my?

1. DANIE : Ek weet nie. Vra pa hom! Hier vat die foon.
2. FAAN : (VERSIGTIG) Hallo...
3. DASSIE : (FILTER) Hallo Boss.
4. FAAN : Met wie praat ek?
5. DASSIE : (FILTER) Jy praat saam met, Dassie. Is jy Danny se daddy?
6. FAAN : Dis Mnr Vermaak, ja. Met wie wil jy praat?
7. DASSIE : (FILTER) Saam met jou, Daddy-O.
8. FAAN : Wie is jy nou weer?
9. DASSIE : (FILTER) You can call me, Dassie.
10. FAAN : Dassie?
11. DASSIE : (FILTER) Ja,soos op 'n klip.
12. FAAN : Waarmee kan ek help...uhm...Dassie?
13. DASSIE : Nou daar's die ding sien. Ek het gescheme ons kan **mekaar** help. Ek en jy.
14. LINDA : (FLUISTER) Faan, wat gaan aan?
15. FAAN : (AAN LINDA) Sjuut! (TELEFOON) Ek luister.
16. DASSIE : (FILTER) Glo jy aan guardian angels, Boss?
17. FAAN : Hoe nou?
18. DASSIE : (FILTER) Myne het my vertel dat 'n sekere skoenboks met smarties en sugar drops wat aan daai boy Danny van jou gegee is, in die verkeerde hande beland het. You copy?
19. FAAN : Hoe weet jy daarvan?

1. DASSIE : (FILTER) Guardian angels, Boss. Eyes everywhere. Ek scheme ek praat met jou en nie met daai laaitie van jou nie. Hy's 'n knopkop en 'n paar toebroodjies kort van 'n volle piekniek.
2. FAAN : Vertel my iets wat ek nog nie weet nie.
3. DASSIE : (FILTER) Daai boks is worth a lot. Money, lives...pretty young girls that are pregnant...if you know what I mean.
4. FAAN : Ek kry die boodskap. Wat wil jy van my hê. Ek het nie jou boks nie. Dis by die skool. Die hoof het dit onderskep.
5. DASSIE : (FILTER) Daai's die ding. Ek scheme ons kan 'n deal maak. Ons kan money or the box speel.(POUSE) Of jou laaite se kar vir die boks.
6. FAAN : Waar is sy kar? Is dit nog in een stuk?
7. DASSIE : (FILTER) Hy's veilig. Daai merchandise in die boksie is meer werd is twee van die laaitie se karre.
8. FAAN : Die goed is in die skool se kluis. Die hoof kan dit enige dag aan die polise oorhandig.
9. DASSIE : (FILTER) Nou daai sal nie goed wees nie. Gebruik jou powers of persuasion, Boss. Kry my merchandise daar uit en ek gee jou laaite se kar terug. Ek sal hom mooi valet ook.
10. FAAN : En hoe de hel gaan ek dit doen?
11. DASSIE : (FILTER) You've got your problems, I've got mine. Probeer hard, Boss. Improvise. Lives depend on it.
12. FAAN : Nou goed. Hoe kontak ek jou as ek dit kan kry?

1. DASSIE : (FILTER) Dis die spirit, Boss. In die skoenboks is 'n burner. Daar's 'n nommer agter op. As jy die boks het, bel hom, dan maak ons 'n date. Ek bring die laaitie se wonderbrommer, jy bring my boks. Net ek en jy. Geen boere nie...
- (GESPREK EINDIG)
2. FAAN : Hallo? Hallo? (OOMBLIK) Donner, Danie. Waarin het jy ons gedompel?
3. DANIE : Wat wil hulle hê?
4. FAAN : Hulle soek hul drugs.
5. LINDA : Hemel tog. Dit ook nog!
6. DANIE : O, hel. Gaan hulle my lem?
7. FAAN : Hopelik nie. As ons die goed terug besorg sal hulle die kar terug gee.
8. DANIE : Net so? En as ons nie kan nie?
9. FAAN : Dan gaan hulle jou organe skenk vir navorsing, Danie. Joune en jou suster sin! Hoe kon jy so blerrie stupid gewees het!
10. AMANDA : Ek moes nooit na jou geluister het nie. Ek voel siek.
11. LINDA : Jy lyk nie lekker nie, Amanda. Gaan badkamer toe voordat ek nog moet vloere ook skoon maak.
12. AMANDA : Ek wens ek het nooit daai verdomde boks gesien nie.
13. LINDA : Wens in jou een hand en spoeg in die ander. Daar's niks wat ons nou daaraan kan doen nie. Die koeël is deur die kerk.
14. DANIE : Soos deur Pa se oor...

1. FAAN : En jy kan bly wees jy't nog nie 'n gangster koeël deur jou vet kop nie, Daniel! Weereens moet ek pa staan vir jou gemors en jou kastaaiings uit die vuur gaan krap.
2. AMANDA : Ek gaan nie hierdie week skool toe nie. Ek bly net hier. Ek wil nie geskiet word nie.
3. LINDA : Ek dink dis 'n goeie idee. Ek verwag in elkegeval dat De Lange jou gaan skors. Dis seker hoekom hy ons wil sien.
4. FAAN : It never rains but pours...
5. LINDA : Ek wens dit wil reën; hierdie ondraaglike hitte breëk (POUSE) Hoe gaan ons daai boks in die hande kry? Miskien sal De Lange na rede luister. Dink jy hy sal? As ons mooi vra.
6. FAAN : Ek het geen idee nie. Miskien moet ons my ma saamvat.
7. LINDA : Oor my dooie liggaam... (OOMBLIK) Hopenlik nie letterlik nie.
- BYK** : **MUSIEKBRUG.**

**DOOF NA VOORGROND: TIPIESE SKOOL AKOESTIEK IN
A/G. KINDERS WAT LAWAAI, INTERKOM, KLOK LUI.**

8. HOOF : Sit gerus meneer en mevrou Vermaak.

BYK : **KANTOOR DEUR WORD TOEGEMAAK. AGTERGROND
KLANKE VERDOOF.**

9. FAAN : Dankie, meneer De Lange.
10. HOOF : Maggies, wat het met u kop gebeur, meneer Vermaak? Dit lyk ernstig.
11. FAAN : Uhm...Oor probleme. Niks ernstig nie.
12. HOOF : (SKEPTIES) Ek sien. Kan u hoor?

1. FAAN : Ek luister goed aan die kant, dankie. U kan maar praat.
2. LINDA : Ons is so jammer oor hierdie hele gemors, meneer De Lange.
3. HOOF : Ja, dit is nogal 'n netelige saak. Amanda is een van ons top leerders en 'n ware uitvoerprodukt vir ons skool. Ons verwag soveel van haar in die eindeksamens. Toe ek hoor dat die goed in haar locker gevind is kon jy my met 'n nat tissue omslaan. En om alles te kroon verneem ek nou ook dat sy swanger is?
4. LINDA : Ek's bevrees dit is so, meneer De Lange.
5. HOOF : Hemel wat het in haar gevaar?
6. LINDA : Hierdie hitte...
7. HOOF : Is dit een van ons seuns?
8. LINDA : Nee, dis nie iemand by die skool nie.
9. HOOF : Omdat dit Amanda is, was ek nog heeltyd huiwerig om die saak verder te voer. Dit is nie hoe ons haar ken nie. Ek wil probeer vasstel wat aangaan voordat ek die saak verder voer. Is alles wel by die huis?
10. FAAN : Ek het onlangs my werk verloor. Ons kan dalk môre op straat sit as ek nie gou weer 'n werk kry nie.
11. HOOF : Ek is jammer om daarvan te hoor. Kan dit die rede wees hoekom Amanda so eienaardig optree?
12. LINDA : Dis Danie...
13. HOOF : Danie? (OOMBLIK) Genade. Bedoel u Danie het vir Amanda...
14. LINDA : (GESKOK) Nee, genade nee! Ek bedoel Danie is in die moeilikheid...(POUSE) Danie is die moeilikheid.

1. HOOF : Is hy betrokke? Waarom is ek nie verbaas nie.
2. FAAN : Die dwelms kom van hom af. Amanda is onskuldig.
3. HOOF : Ek het so iets vermoed. Wat het hy nou weer aangevang?
4. LINDA : Dobbel.
5. FAAN : Gangsters.
6. HOOF : Ek luister.
7. FAAN : Hy skuld 'n klomp gangsters geld. Baie geld. Hulle het sy kar gevat en toe die dwelms vir hom gegee om te verkoop.
8. HOOF : By die skool?
9. FAAN : Ja, onder die kinders.
10. LINDA : Anders sou hulle Amanda aanrand. Of so het hy gesê.
11. HOOF : En toe willig Amanda in om dit namens hom te hou en te probeer verkoop.
12. LINDA : In 'n neutedop, ja.
13. HOOF : En waar is hy nou?
14. FAAN : By die huis. Sy universiteitsvakansie is verby. Ek het sy krane vir hom finaal toegedraai.
15. HOOF : Jy moes sy stopkraan al op skool toegedraai het, meneer Vermaak. Ek het gewonder wat deur jou kop gegaan het toe ek hoor jy het hom wragtig universiteit toe gestuur. Amanda, ja. Danie, nee.
16. FAAN : Ons het maar gehoop hy sal verander...
17. HOOF : As dit klink soos 'n eend en loop soos 'n eend...
18. FAAN : (SUG) Ja, ek moes van beter geweet het.

1. HOOF : Wel, dit verander die hele prentjie. Maar dis nog steeds 'n baie ernstige oortreding.
2. FAAN : Ons verstaan, en ek kan jou verseker Danie het alreeds begin betaal daarvoor. Figuurlik gesproke. Maar daar is ernstige komplikasies wat opgeduik het.
3. LINDA : Ons het 'n oproep van die eienaar van die dwelms gehad.
4. FAAN : Hulle soek die boks terug. As ons dit kan terug besorg dan sal hulle Danie se kar terug gee en die hele ding afskryf.
5. HOOF : En as julle dit nie doen nie?
6. FAAN : Hy het dit nie in soveel woorde gesê nie, maar ek dink nie Amanda of Danie gaan nog 'n jaar om die son wentel nie... as u verstaan wat ek bedoel.
7. LINDA : Ek weet dit is veel gevra, meneer De Lange, maar is daar enigsins 'n moontlikheid om die boks met dwelms...(terug te kry)
8. HOOF : Ek was van plan om die boks aan die polisie te oorhandig. Dis nog in my kluis.
9. LINDA : Dank die vader daarvoor.
10. HOOF : Ek wou eers agter die kap van die byl kom voordat ek 'n besluit neem. Op die stadium is dit net die juffrou wat die dwelms ontdek het en ons wat hiervan weet. Sy sal niks sê nie. Ek het die hele naweek hiermee geworstel. As ek die boks aan die polisie gee gaan dit 'n byenes oopskop en ek soek nie daardie soort van publisiteit vir die skool nie.

1. FAAN : Is daar van die dwelms verkoop?
2. HOOF : Sover ek weet, nee.
3. LINDA : Dankie tog daarvoor.
4. HOOF : Die boks is net soos ons dit gevind het. Gelukkig is geen skade gedoen nie. Dit kon veel erger gewees het. Die regte ding om te doen is seker om dit aan die polisie te oorhandig.(POUSE)
Maar in die lig van wat u my sopas mee gedeel het...
5. FAAN : (HOOPVOL) Bedoel u?
6. HOOF : U kan die boks vat. Ek wil dit nie langer op die perseel hê nie. Ek wil ook nie jul kinders op my gewete hê nie. Soos ek sê, gelukkig is daar geen skade gedoen nie. En omdat dit Amanda is, is ek bereid om ander pad te kyk.
7. LINDA : (VERLIG) Dankie meneer De Lange. Ons weet nie wat om te sê nie.
8. FAAN : Ek weet nie hoe om u te bedank nie...
9. HOOF : O, ek kom daarby. Ek doen dit vir Amanda, nie vir Danie nie. Ek sien geen rede hoekom haar toekoms moet vernietig word deur een fout wat sy gemaak het nie. Daar is een voorwaarde...
10. FAAN : Enige iets.
11. HOOF : Jy't gesê Danie het opgeskop op universiteit.
12. FAAN : Ja, hy moet gaan werk soek.
13. HOOF : Miskien kan ek jou daar help.
14. FAAN : Wat bedoel u?

1. HOOF : Julle kan die boks kry, maar Danie gaan hier by die skool kom werk vir 'n kwartaal. Gemeenskapsdiens. Sonder vergoeding.
Dis of dit of die boks gaan polisie toe.
2. FAAN : Is u seker? Wil jy hom regtig hier hê? Netnou brand hy die plek af.
3. LINDA : Wat gaan hy kan doen?
4. HOOF : Hier's plenty wat hy kan doen. Glo my. Verwerk, vier rugbyvelde wat se gras gesny moet word, skoolbusse wat 'n was nodig het, toilette skoonmaak, paviljoene wat onderhou moet word... En in hierdie hitte gaan dit geen piekniek wees nie. Ons sal hom baie goed kan besig hou vir een kwartaal; en sommer ook uit die moeilikheid.
5. FAAN : Ek hou daarvan. Ek sal sorg dat hy hier is, al moet ek hom persoonlik aan sy hare tot hier sleep.
6. HOOF : Nou goed. Dis dan dit. Die boks vir Danie.
7. FAAN : Wanneer moet hy begin?
8. HOOF : Kom ons maak dit volgende Maandag. Bright and early.
9. FAAN : U kan dit dalk berou. Maar ek sal sorg dat hy hier is.
10. HOOF : Ek sal 'n persoonlike oog oor hom hou. Hy gaan hard werk.
11. FAAN : Hoe harder hoe beter.
12. HOOF : Dan is daar nog die ander probleempie.
13. LINDA : Amanda.
14. HOOF : Ja. Wat my aan betref is die dwelm-ding veby. Hoe gaan ons maak met haar swangerskap?

1. LINDA : Ek dink nie dit sal 'n probleem wees nie. Sy is nog nie so ver nie. Oor minder as 'n maand is sy klaar met skool.
2. HOOF : Nou goed. Ons hou dit maar ook onder die radar. Daar's nog 'n week van skool oor en dan begin haar eksamens. Sy hoef net in te kom op die dae wat sy mos skryf. En as julle iemand wil universiteit toe stuur...
3. FAAN : Nogmaals dankie, meneer De Lange. Ek weet nie wat om te sê nie.
4. LINDA : Ons is u baie dank verskuldig.
5. HOOF : Moet nie die boks vergeet nie. Dis voor by die ontvangs.
6. LINDA : Hoe sal ons u ooit kan bedank hiervoor.
7. HOOF : Dis alles in die haak. (OOMBLIK) O, en sê vir jou moeder die twee bokse tien jaar is baie welkom.
8. LINDA : Hoe nou?
9. FAAN : Wat?
10. HOOF : En as julle werklik iets vir die skool wil doen, moet asseblief nie een dag nog van julle kinders hierheen stuur nie.

BYK : MUSIEKBRUG.

DOOF IN: DIE KOMBUIS. SKOTTELGOED WORD

OPGERUIM IN A/G TYDENS DIALOOG. 'n TREIN KOM IN

VERBY GERAMMEL.

11. OUMA : So dis dan waaroor die hele bohaai gaan. Die ou boksie lyk nie juis na veel nie.
12. FAAN : Glo my dis genoeg, Ma. En ook genoeg moeilikheid.

1. OUMA : Ek het meer pille in my handsak. Hoeveel is die gemors werd?
2. FAAN : Genoeg sodat hulle 'n deal wil maak, Ma.
3. LINDA : Hoe laat moet jy die man ontmoet?
4. FAAN : Twaalfuur. Op die hitte van die middag.
5. LINDA : Wanneer gaan hierdie hitte dan nou breek.
6. OUMA : Ou Marie van Biljon sê vir my die oumense in die tehuise beswyk van die hitte soos vlieë.
7. LINDA : Faan, dink jy dis veilig om die man alleen te ontmoet?
8. FAAN : Dis in a publieke plek. Koffiewinkel.
9. LINDA : Eintlik moes Danie dit gedoen het. Dis sy gemors wat ons moet opruim.
10. FAAN : Hy wil juis nie met Danie praat nie.
11. OUMA : Ek kan saam gaan, Fanus. Ek sit ook net heel dag hier tussen die vier mure... dit sal lekker wees om bietjie uit te kom. Daai flatjie raak so warm.
12. LINDA : Nee, Ma. Ek dink ma het genoeg bygedra vir die dag.
13. OUMA : Ek het jou mos gesê die hoofmannetjie het 'n probleem. Sy ou pa was 'n volslae alkoholis. Ek ken mense.
14. LINDA : Ja, kom ons los dit nou maar daar. Ma kan môre saam met my groceries gaan koop.
15. OUMA : Dit sal gaaf wees. Ek kort 'n paar goed. Ons kan dan sommer daai koek- en- tee plekkie daar by die Casino gaan besoek.

1. FAAN : Julle bly van daai Casino af weg. Nie 'n sent nie, hoor jy, Linda. Jy speel nie een enkele sent nie. Koop wat julle nodig het en kom direk huistoe. Daar's nie geld om te mors nie.
2. LINDA : Natuurlik, Faan. Ek's nie 'n kind nie. Ek en ma gaan net 'n koppie tee drink, dis al.
3. OUMA : En Ma sal daarvoor betaal en vir my eie groceries. Julle hoef nie te worry nie. Ek wil nie 'n las wees nie.
4. LINDA : Hoe voel jou oor, Faan? Moet ek nie weer daai verband vervang nie?
5. FAAN : Nee, ek's fine. Ons kan dit vanaand doen. Ek moet seker ry as ek betyds wil wees.
6. LINDA : Moet jy nie dalk een van jou skietgoed saamvat nie? Net ingeval...
7. OUMA : Nee liewer nie. Netnou skiet hy nog sy ander oor ook af, of iets ergers...
8. FAAN : Ja, baie snaaks, Ma. Vryf dit maar in. Nee, ek's klaar met skiet. So van skiet gepraat. Ek het lanklaas vir Elvis hoor blaf.
9. LINDA : Ek dink dis te warm om te blaf. Self vir hom.
10. FAAN : Dalk het hy aan sy hart beswyk in die hitte. Ons sal so gelukkig wees.
11. LINDA : Faan kan jy op jou pad terug vir ons melk en brood optel. En 'n melktert of koek by Mannie's Bakery. As daai plumbertjie vanaand met jou kom praat moet ons darem seker iets voorsit saam met die tee of koffie.

1. FAAN : Moet ek nou wragtig die munisipale stoetbul met melktert treat.
 'n Baal lusern en 'n blierrie emmer water sou meer van pas
 gewees het.

BYK : MUSIEKBRUG.

**DOOF IN: KOFFIEWINKEL AKOESTIEK EN GEDEMPTE
 STEMME IN AGTERGROND.**

2. FAAN : Dis alles daar. Net soos dit vir Danie gegee is.
 3. DASSIE : Ek sien daai. En hier is die keys van die kar. Hy's daar in die
 parkinglot net agter die bioscope, wiele en alles.

BYK : SLEUTELS KLINGEL.

4. FAAN : Dankie. En dis nou oor en verby?
 5. DASSIE : Soos 'n boeing 747, Boss. Bygones. Even Steven.
 6. FAAN : En die geld wat Danie nog skuld?
 7. DASSIE : Squared away. Soos ek gesê het. I'm a man of my word.
 8. FAAN : En my dogter is off limits?
 9. DASSIE : Never hear of her, Boss. Ek's nie 'n criminal nie. I'm a business
 man. 'n Deal is 'n deal. Maar daai laaite van jou, hy's 'n
 problem, daai kan ek sien. Jy behoort 'n sticker op sy voorkop
 te plak wat lees: "do not use under any circumstances!"
 10. FAAN : Ek weet.
 11. DASSIE : Next time gaan ons nie so friendly wees nie.
 12. FAAN : Daar sal nie 'n next time wees nie. Maar as hy dit weer sou
 waag... Doen my 'n guns. As hy ooit weer naby julle kom of 'n
 bet wil maak, dan bel jy my. Jy het mos my nommer.

1. DASSIE : Op speed dail, Boss.
2. FAAN : (OOMBLIK) Of nog beter. Sort julle hom uit. Ek sal hom kom optel na die tyd. Moet hom net nie afskryf nie...
3. DASSIE : (LAG) No problem. Ons kan hom bietjie afstof. Free of charge.
4. FAAN : Ek moet gaan. Nog probleme om op te los.
5. DASSIE : Lyk my Danny is nie al probleem wat jy het nie, Pappie. By the way, wat het met jou kop gebeur, Boss. Het jou ou lady jou met 'n koekroller bygekom?
6. FAAN : (SARKASTIES) Nee, ek het my kop in 'n bossieslaner gedruk.

BYK : **MUSIEKBRUG.**

DOOF IN: VERMAAKS SE STOEP. AAND. KRIEKE EN

NAGGELUIDE. KOPPIES EN PIERINGS WORD OPGERUIM

ONDER DIALOOG.

7. LINDA : Wel, ek hou van hom. Hy't mooi maniere. En hy's aantreklik.
8. OUMA : En my toilet is so goed soos nuut. Hy kan nogal handig te pas kom as 'n skoonseun dink ek.
9. LINDA : Hy's nou wel ses jaar ouer as Amanda, maar dis nie veel nie en hy's feitlik geskei. Gelukkig is daar geen kinders nie.
10. AMANDA : Sy vrou wil nie kinders hê nie. Ek het julle al vertel. Dis hoekom dit op 'n egskeiding uitgeloop het. Hy wil kinders hê en sy weier.
11. FAAN : En toe bied jy dit vir hom aan op 'n skinkbord.
12. LINDA : Faan! Sal jy nou ophou.

1. AMANDA : Ten minste doen hy die regte ding, Pa. Ons is lief vir mekaar.
2. FAAN : Wat ek nie verstaan nie is hoe dit so oornag plaasgevind het.
Jy wat nooit eens 'n boyfriend huistoe gebring het nie. Ek het al begin dink daar's fout met jou en uit die bloute het ons vir Romeo en Juliet op ons voorstoep.
3. AMANDA : Ons het ontmoet toe hy destyds ouma se wasbak kom regmaak het. Hy het my nommer gevra en ons het mekaar heelwat daarna gesien, in die geheim. Na skool. Naweke.
4. FAAN : Ek het gewonder wat aangaan. So jy't vir ons gelieg.
5. AMANDA : So 'n bietjie... baie...
6. FAAN : En wanneer presies het julle twee ... jy weet....
7. LINDA : Magtig Faan.
8. AMANDA : (SARKASTIES) Wil pa die lang of die kort weergawe hê?
9. FAAN : (SUG) Eerder nie. Die damage is klaar gedoen.
10. LINDA : Hemel tog Faan. Kan jy nie nou net berus nie. Dis gedoen.
Hulle gaan trou. Jy gaan 'n oupa word en ek gaan ouma word.
Einde van storie.
11. OUMA : Hoe nou? Ek kon nie mooi hoor nie.
12. LINDA : Niks, Ma. Drink jou tee klaar. Sy kon erger gedoen het. Jy kan mos sien hy aanbid die grond waarop Amanda loop. Die mannetjie is volwasse, hy het 'n suksesvolle besigheid. Hy kan vir haar sorg. Wat meer kan jy vra?
13. FAAN : Vra? Hy kon my toestemming gevra het voordat hy haar...
14. AMANDA : Is Pa nou regtig ernstig?

1. LINDA : Is die hitte besig om jou brein aan te tas? As jou oor nie alreeds seer was nie, Faan, het ek jou nou wragtig op die ander een geklap.
2. AMANDA : Ek's agtien, Pa. Ek het regtig nie jou toestemming nodig nie. Maar dit sal lekker wees as jy die troue sal aanvaar en jou kleinkind wat oppad is. Ek weet ons doen dit ondestebo, maar daar is dit. Ons kan nie die klok terugdraai nie.
3. FAAN : Dis nie wat ek bedoel het nie. Dis net...
4. LINDA : Dis net wat, Faan?
5. FAAN : (EFFENS BEWOë) Sy's my meisiekind...sy moes gaan leer het...sy moes nie nou al ...En ek kan nie nou al 'n oupa word nie.
6. AMANDA : Ai, Pa. Jy't nie geluister nie. Willem het gesê dat ek sal gaan leer. Hy het daarop aangedring. Hy sal vir alles betaal as ek nie 'n beurs kan bekom nie. En ek is nog steeds pa se meisiekind.
7. OUMA : Ja, nee wat. Ek het hom mooi sit en uitkyk. Hy is nie 'n onaardige mannetjie nie, en sy oë sit glad nie so naby aanmekaar soos ek gedink het nie. Hy het nogal iets van Clint Eastwood in hom.
8. FAAN : (MOMPEL) The Good, The Bad, and The Ugly.
9. LINDA : Faan, magtig! Kry nou end. So van ugly gepraat. Kom Faan dat ek daai oor kan gaan skoonmaak. Dis slaaptyd. Jy moet môre gaan werk soek, Amanda het skool en ek en ma moet die groceries gaan kry vir die week.

1. FAAN : Julle gaan net nie weer naby daai Casino nie.
2. LINDA : Ja, Faan Nag, Ma. Nag, Amanda. Kom Faan. Badkamer.
3. AMANDA : Ek dink ek gaan my matras hier op die stoep gooi. Dis te warm in die huis. Dis koeler op die stoep.
4. OUMA : Dan gaan ek ook maar slaap. Môre is nog 'n lang warm dag.

BYK : **MUSIEKBRUG.**

DOOF IN: CASINO GELUIDE.

5. LINDA : Nee! Nee, Ma. Ek het belowe.
6. OUMA : Maar my, dis nie asof ons alreeds op die strate sit en bedel nie. En dis my geld, nie joune.
7. LINDA : Ek wonder somtyds wie die probleem het. Ek of Ma.
8. OUMA : Honderd rand. Dis al. Wat kan dit nou doen. Dit gaan ons wragtig nie armer maak nie. Ons speel net 'n honderd rand en dan loop ons.
9. LINDA : Nes laas keer. As Faan dit hoor skei hy my.
10. OUMA : Maar dis my geld. Dit het niks met Faan uit te waai nie. Dalk is ons gelukkig. Ek voel gelukkig. Kan jy dit ook voel?
11. LINDA : Nee, Ma al wat ek voel is die sweet wat teen my rug af hardloop. Is hulle lugverkoeling stukkend?
12. OUMA : Ek kan sien jy wil speel. Komaan. Net 'n honderd rand en dan loop ons.
13. LINDA : Nou goed, Ma. As dit jou sal stil maak. Daar's nie veel wat jy kan speel met 'n honderdrand nie. Ons kan die bandits probeer.

1. OUMA : Ek hou van daai een daar anderkant met die helder ligte en die clown gesigte. Hy lyk vriendelik.
2. LINDA : Nou toe, Ma. Speel en kry klaar dat ons kan huistoe gaan. Dis amper etenstyd.
3. OUMA : Nee, maar jy moet speel. Ek weet niks van die goed af nie. En ek het geen luck nie. Hulle sal twintig diamante opgooi en een stuk steenkool en ek sal die steenkool vang.
4. LINDA : (SUG) Gee tog die geld, Ma, dat ek dit op die water kan gooi. Ek kon 'n honderd rand se vleis hiermee gekoop het.
5. OUMA : Hou to op met sanik. Hier. Vat die geld. Speel.

BYK : KLANKE VAN DOBBEL MASJEN

6. LINDA : Daar, Ma. Honderdrand in sy maai. Kan ons nou gaan.
7. OUMA : Maar wag 'n bietjie, kind, die ding spin dan nog. Moet tog nie so ongeduldig wees nie. Geen 'n kans.
8. LINDA : Kom ons loop, Ma. Die geld is weg. Ek moet gaan kos maak. Mense soos ons betaal net. Ons wen nie.

BYK : DOBBELMASJEN MAAK MEER GELUIDE.

9. OUMA : Linda?
10. LINDA : (ONGEDULDIG) Wat is dit, Ma.
11. OUMA : LINDA?
12. LINDA : Kom nou dat ons kan huistoe gaan, ASSEBLIEF!
13. OUMA : Linda! Is dit veronderstel om daai te doen?

BYK : DOBBELMASJEN GAAN MAL. ALARMS GAAN AF.

MUSIEK SPEEL. KLOKKIES LUI. OPGWONDE STEMME.

1. LINDA : O, my magtig... Ma! O, MY MAGTIG! O MY MAGTIG! Ma!!

BYK : CASINO EN GEJUBEL DOOF UIT:

**DOOF IN: VERMAAKS SE KOMBUIS. RADIO SPEEL IN DIE
AGTERGROND. 'n WEERVOORSPELLING KONDIG
MOONTLIKE DONNERWEER AAN. KRUIDENIERSWARE
WORD UITGEPAK AAN BEGIN ONDER DIALOOG.**

2. FAAN : Dis nou 'n tyd om hier aan te kom. My oë sit al agter in my kop van hongerte. Waar was julle?

3. LINDA : (KALM) Ons het gaan groceries koop, Faan. Jy weet mos.

4. AMANDA : Pa het al amper die polisie geroep om na julle te gaan soek.

5. DANIE : Het die kar gaan staan?

6. OUMA : Nee, die plek was baie besig.

7. LINDA : Het jy enige werk kon vind, Faan?

8. FAAN : Het twee onderhoude gehad, maar 'n blanke man van my ouderdom het melaats in groot neon letters op sy voorkop geskryf.

9. LINDA : Ek het dit verwag.

10. FAAN : Ek het maar vir Danie gaan help om sy goed uit die koshuis te gaan haal en alles af te handel by die universiteit.

11. DANIE : Ja, ek's nou weer 'n civvy.

12. AMANDA : Nee Danie jy's 'n dumbass.

13. DANIE : Swanger feetjie!

14. AMANDA : Loafer!

1. LINDA : Sal julle twee nou stop.
2. FAAN : En jy beter jou civvy agterent Maandag by daai skool aanmeld, Danie.
3. DANIE : Moet ek regtig, Pa?
4. FAAN : As jy weet wat vir jou goed is...
- BYK : 'n GROOT HOND BEGIN HARD BUIE BLAF.**
5. LINDA : Op dees aarde! En dit? Het hulle vir Elvis op steroids gesit?
6. FAAN : (KALM) O, dis Bruno.
7. LINDA : Wie?
8. OUMA : Hemel, daar's 'n perd in die agterplaas!
9. AMANDA : Pa het 'n hond gekoop.
10. LINDA : Wat?
11. DANIE : Ma, moet hom sien. Hy's humangous.
12. AMANDA : Dis 'n Great Dane, stupid.
13. LINDA : Fanus? 'n Hond?
14. FAAN : Ja, wel. Ek het hom by die SPCA gekry.
15. LINDA : Is jy op 'n midlife crisis?
16. FAAN : Nee, ek wou nog altyd weer 'n hond gehad het. Ek weet dis seker nie die regte tyd om nou 'n hond aan te skaf nie, maar ek kon nie resist nie.

BYK : ONDER DIE VOLGENDE DIALOOG HOU DIE GEBLAF OP. VIR OOMBLIK STILTE. DAN BEGIN ELVIS LANGSAAN TE KEF. EERS VERSIGTIG EN DAN TEL DIT MOMENTUM OP EN RAAK AANHOUDEND IN AGTERGROND.

1. OUMA : Waar gaan die gedierte slaap?
2. FAAN : Hy kan in die gerage slaap, Ma.
3. LINDA : Ek dink wragtig hierdie hitte het jou kop aangetas, Fanus.
4. FAAN : Ek sal vir hom sorg.

BYK : ELVIS BLAF ASOF HY BETAAL WORD.

5. LINDA : Magtig. Wat is dit met die hondjie! Dit klink of hy gaan opstyg.
6. FAAN : Ek dink hy het vir Bruno gesien.
7. LINDA : Ons kan nie vir Godzilla daar buite hier aanhou nie, Faan.
8. FAAN : (BEWEEG VAN MIK AF) Wat? Ek kan nie hoor nie.
9. LINDA : Moet jou nie doof hou nie. Ek het gesê ons kan nie die hond —
10. FAAN : (VAN MIK) Elvis! Voetsek!

BYK : DIE GEBLAF NEEM TOE IN INTENSITEIT. DAN BEGIN

BRUNO HARD BLAF EN GROM. ELVIS HARDLOOP

TJANKEND WEG. STILTE.

11. FAAN : (VOLG) Sien, werk baie beter as 'n suurlemoen. (AAN LINDA)
Hoe het jy gesê?
12. LINDA : Toemaar. Niks nie. Die hond kan bly. Ons sal plek maak in die
waenhuis.
13. FAAN : Nou kry ons nie kos in die huis vandag nie.
14. AMANDA : Ek's dood van die honger. Julle weet ek moet nou vir twee eet.
15. LINDA : Nee, ek gaan nie kos maak nie. Nie vandag nie.
16. FAAN : Nou wat moet ons eet? Ons spoeg sluk? Maak kos.
Ons is darem nog nie bankrot nie, magtig.
17. LINDA : Nee, ons is nie. Ver daarvandaan.

1. FAAN : Hoe nou?
2. OUMA : Ek dink ons moet gaan uit eet. Die duurste plek wat ons kan kry.
3. LINDA : Beslis die duurste plek wat ons kan kry, Ouma.
4. FAAN : Het julle twee koerantpapier gerook?
5. LINDA : Nee, Faan. Ons is nie gerook nie. Ons het net tee gedrink by die Casino. (OOMBLIK) Maar ons is 'n bietjie hoog...
6. FAAN : Die Casino? Ek het geweet daar's iets aan die gang.
7. AMANDA : Ma? Ouma? Ag, nee.
8. DANIE : Het ouma weer van haar pille uitgedeel...
9. AMANDA : Is pa seker al die dwelms was in die skoenboks wat pa vir daai Dassie gaan gee het?
10. FAAN : Wat gaan aan. Waarom lyk julle al twee soos stout kinders wat lekkergoed gesteel het? Linda?
- BYK : DIE GEDREUN VAN NADERENDE WEER IN DIE DIEP A/G**
11. LINDA : (OPSETLIK) My genade. Hoor daar! Is dit donnerweer?
12. OUMA : Ja, wragtig! Lafenis. Uiteindelik. Dank die gode.
13. FAAN : Nee, moet nie die onderwerp probeer verander nie. Ma? Wat het julle aangevang? Wat gaan aan? Ek wag.
14. OUMA : (ONSKULDIG) Niks nie, Fanus. Ons het net tee gedrink...
15. LINDA : ...en toe net 'n honderdrand gespeel op die masjiene.
16. FAAN : Wat! Ek het dit geweet. Jy het wragtig alweer gedobbel, Linda. Na alles!
17. LINDA : (ONSKULDIG) Ek het nie gedobbel nie.

1. FAAN : Maar jy het nou net so gesê! Wat is fout met jou? En Ma het bygestaan en kyk?
2. LINDA : Dis Ma wat gedobbel het.
3. OUMA : Ek het ja.
4. FAAN : Wat? Jy probeer dit nie eens ontken nie.
5. DANIE : Dis nie regverdig nie. As as ek 'n bet maak word ek —
6. FAAN : Bly stil Danie! (OOMBLIK) Hoeveel hierdie keer?
7. LINDA : (DINK) Hoeveel was dit Ma?
8. OUMA : Ek kan nie so lekker onthou nie. Ek was te geskok.
9. FAAN : Ag my liewe vader tog...wat is fout met julle?
10. LINDA : Ek dink dit was ses miljoen en vyfhonderd en veertig duisend?
11. OUMA : Ja, Lindatjie. Ek dink dit klink omtrent reg. Minus die honderd rand wat ons gespeel het.
12. FAAN : WAT! Ons het nie ses miljoen, whatever rand nie. Waarvan praat julle? En dis nie 'n grap nie. Wat is so snaaks?
- BYK : DIE WEER RAAK HARDER EN LIGTE Reën BEGIN BUIE**
- UITSAK.**
13. LINDA : (KALM) Jou gesig, Fanus?
14. FAAN : (VIES) Wat?
15. LINDA : Jy hoef nie môre te gaan werk soek nie. Ook nie oor-môre of die dag daarna nie...
16. FAAN : Hoe nou?
17. LINDA : Ek het net een woord vir jou —.

1. OUMA : Oooooo, kan ek dit sê, Lindatjie! Se'blief.
2. LINDA : Nou goed, Ma. Dit was buitendien jou honderd rand.
3. OUMA : (DRAMATIES) JACKPOT.
4. FAAN : Wat?
5. AMANDA : Ouma?
6. DANIE : Bedoel Ouma julle het...(die Jackpot gewen?)
7. OUMA : Ja, ons bedoel.
8. FAAN : (BESEF) Jackpot... Jackpot? Jack...Jack...ses...ses...maar, maar...maar...
9. LINDA : Hou op klink soos 'n motorboot wat probeer weg trek Faan. En maak jou mond toe Danie, dis brommertyd.
10. FAAN : Nee...wragtig. Julle het die Jackpot gestrike? Ernstig?
- BYK** : **DIE Reën SAK BUITE UIT MET MENING.**
11. LINDA : Ouma het.
12. OUMA : Reg tussen sy twee oë.
13. AMANDA : Oh my soul! Ouma! Ons is gered.(DINK) Ons is ryk?
14. DANIE : Regtig? For real? Julle speel nie? Ses miljoen?
15. FAAN : Magtig...Ses miljoen...
16. LINDA : En vyfhonderd-en-veertig duisend rand.
17. DANIE : Wow. Ek is ryk!
18. LINDA : O, nee, mannetjie. Al wat aan jou ruik is jou twee voete! Jy sorg dat jy Maandag by die skool aan meld om jou straf af te werk, gehoor. Vergeet van hand-outs. Jy's in die rooi!
19. DANIE : (BEK AF) Maar ... Ja, Ma.

1. FAAN : Kalmeer. Almal koel af. Ons moet nie dat hierdie ding ons lewens kom verander nie. Almal haal diep asem. Geen malligheid nie. Matigheid voor oë.(POUSE) Ses miljoen?
2. AMANDA : Met 'n cherrie on top.
3. OUMA : Ons kan darem seker so bietjie mal word. Ek gaan beslis vir my 'n nuwe gehoorstuk aanskaf en een van daai fancy elektriese scooters om mee oor die weg te kom.
4. AMANDA : Ek wil 'n mooi trourok hê!
5. DANIE : En ek wil een van daai nuwe motorbikes met die —
6. ALMAL : (GELYK) Sharrup Danie!
7. FAAN : Ek gaan 'n blierie nuwe matras vir die bed koop en 'n week lank slaap.
8. AMANDA : En, Ma? Wat wil ma hê?
9. LINDA : Net rus en vrede vir my siel. En koelte... salige koelte.
10. OUMA : Sien, ek sê mos altyd. As 'n deur toegaan, dan gaan daar altyd 'n venster oop.

TEMAMUSIEK OP EN DOOF VIR SLOTAANKONDIGINGS.